SAOU **Noord-Kaap • Northern Cape**
Posbus 110156 Hadisonpark 8306 E-pos: saounk@saou.co.za
☎ 053 832 2727 Faks 053 832 2460

SPLINTERNUUS

30 April 2015 No: 11 van 2015

BEMAGTIGING: AANBIEDINGS DEUR VAKBONDE EN "CPTD"-PUNTE

Die bemagtiging wat deur die SAOU (en ander vakbonde) aangebied word, kan vir u help om "CPTD"-punte by SARO (SACE) te registreer.

Na aanleiding van SARO se nuwe voorskrifte, word alle vakbond - aktiwiteite as 'n Tipe 3-aktiwiteit beskou en is die SARO-nommer 'n vereiste.

U sal dus tydens die bemagtigings wat volgende week plaasvind, versoek word om 2 teenwoordigheisregisters te voltooi. Die SARO register word addisioneel ingevul tydens 'n opleiding. Hierdie register word dan na SARO gestuur.

Die SARO-register sal tydens opleiding binne die lokaal rondgestuur word sodat lede hul besonderhede kan voltooi.

LET WEL: VIR DIE SARO-REGISTER IS U LIDMAATSKAPNOMMER BY SARO (SACE) VERPLIGTEND. ONTHOU ASSEBLIEF OM DIT SAAM TE BRING.

Die SAOU se bywoningsregister is vir die SAOU se eie gebruik.

Om die proses te bespoedig, sal in alle nuwe aanlyn-registrasievorms dan ook die SARO- nommer gevra word.